**WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO**
Reeks H: Intreerede nr. 128

# DIE EENHEID VAN DIE GESKIEDENIS

**P. de Klerk**

Intreerede gehou op 14 Augustus 1992

**Departement Sentrale Publikasies**
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1992

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur**
**Departement Sentrale Publikasies**
**Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**
**2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika**

© **1992**

**ISBN 1–86822–120–2**

## INLEIDING

Ek sluit aan by die tradisie om 'n onderwerp van 'n redelik algemene aard in 'n professorale intreerede te behandel. Dit is ook die tradisie wat by inougurele redes in Geskiedenis aan die PU vir CHO gevolg is. Dit is vanaand die eerste keer dat 'n inougurele rede in die vak Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus plaasvind, maar, indien die tydperk toe die PU vir CHO nog 'n universiteitskollege was, ingereken word, die sesde intreerede in die vak Geskiedenis aan die Universiteit. Die eerste rede was, sover bekend, dié van prof. A.J.H. van der Walt oor die onderwerp *Geskiedbeskouing en geskiedvorsing* (Van der Walt, 1956) in 1929. In 1946 het prof. D.W. Krüger sy inougurele rede gelewer oor *Die relatiwiteit van die geskiedbeskouing* (Krüger, 1946). In 1964 het prof. J.S. du Plessis gevolg met 'n voordrag getiteld *Oor historiese waarheid* (Du Plessis, 1964). Prof. G.N. van den Bergh het sy intreerede in 1974 gelewer oor die onderwerp *Die historikus as skepper van die geskiedenis* (Van den Bergh, 1977) en prof. P.F. van der Schijff in 1980 oor *Geskiedenis aan die universiteit* (ongepubliseerd).

Ek het die onderwerp *Die eenheid van die geskiedenis* vir hierdie voordrag gekies, omdat ek meen dat besinning oor hierdie onderwerp van waarde kan wees om antwoorde te vind op enkele kernvraagstukke waarmee die geskiedeniswetenskap tans, in die Westerse wêreld èn in Suid-Afrika in die besonder, te doen het. Ek wil eers baie kortliks hierdie probleme bespreek, en daarna die onderwerp *Die eenheid van die geskiedenis* meer in besonder behandel, waarby ek dan sal probeer aandui watter lig 'n perspektief op die eenheid van die geskiedenis op hierdie vraagstukke kan werp.

Drie probleme waarvoor die historikus vandag te staan kom, en wat nóú met mekaar saamhang, word vervolgens kortliks bekyk.

1. Die eerste probleem is dié van die agteruitgang van die vak Geskiedenis op skool en universiteit. Baie is al hieroor gesê en geskryf, maar dit is so 'n belangrike saak dat ek nie anders kan as om ook hier enkele opmerkings daaroor te maak nie. Die waarde van die vak Geskiedenis word vandag in Suid-Afrika, èn ook in die hele Westerse wêreld, sterk bevraagteken. Gedurende die afgelope paar dekades was daar 'n duide-

like afname in die aantal persone wat in die geskiedkunde afstudeer. In die VSA, byvoorbeeld, het die getal doktorsgrade wat in Geskiedenis toegeken is, gedaal van 1 100 in 1970 tot 600 in 1990 (Gardner, 1991; vgl. ook Allardyce, 1990: 57). Ook in Suid-Afrika kom hierdie tendens voor. Aan die PU vir CHO het die aantal studente wat Geskiedenis neem in verhouding tot die totale aantal studente aan die Universiteit, in die loop van die afgelope twintig jaar steeds verder gedaal. As die syfers in die nuusbriewe van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging vanaf 1974 bekyk word, is daar ook aan ander universiteite 'n afname, en aan die Afrikaanse universiteite is die afname die sterkste. (Vgl. ook Van Jaarsveld, 1982: 147–151.) Daar is ook universiteite waar die getal Geskiedenisstudente gedurende die laaste tien tot twintig jaar steeds toegeneem het, soos Unisa, Universiteit Vista en die universiteite van Durban-Westville, Venda, Wes-Kaapland en Zoeloeland. Ook op skool, in besonder aan die blanke skole, is daar steeds minder leerlinge wat Geskiedenis as matriekvak neem (vgl. Van Jaarsveld, 1982: 140–142; Van Jaarsveld, 1989). Daar is egter nie net 'n afname in die aantal studente en leerlinge wat Geskiedenis neem nie, maar ook in die kwaliteit van hierdie studente en leerlinge. Onder die toppresteerdes in die skole van die Transvaalse Onderwysdepartement, diegene wat ses en meer onderskeidings in matriek behaal het, was daar verlede jaar maar baie min wat Geskiedenis as 'n vak geneem het[1], en dit is onwaarskynlik dat meer as enkeles van hulle vanjaar Geskiedenis op universiteit neem.

Die afname in die belangstelling in Geskiedenis aan Suid-Afrikaanse universiteite moet in wyer verband gesien word as net die vak Geskiedenis. In fakulteite soos Teologie, Opvoedkunde, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Regte is daar meestal kursusse met 'n historiese inhoud, soos Kerkgeskiedenis, Opvoedingsgeskiedenis en Ekonomiese Geskiedenis. Dit lyk asof die ruimte vir hierdie kursusse in die kurrikulum steeds kleiner word. Dit is veral kommerwekkend dat Ekonomiese Geskiedenis, 'n vak wat vroeër as 'n kursus vir die B.Com.-graad deur baie studente by hul kurrikulum ingesluit kon word, aan verskeie universiteite vandag nie meer aangebied word nie. Weer eens is dit juis aan die Afrikaanse universiteite dat Ekonomiese Geskiedenis as vak verdwyn het. Aan die groot Engelstalige universiteite, naamlik die universiteite van Kaapstad, Natal en die Witwatersrand, bestaan die vak nog voort, en word dit deur heelwat studente geneem.

Die agteruitgang van Geskiedenis as universiteitsvak vorm deel van die agteruitgang van die geesteswetenskappe, en meer spesifiek die basiese geesteswetenskappe, aan Suid-Afrikaanse universiteite. Die geesteswetenskappe is in Suid-Afrika op die verdediging. *Het 'n BA-graad nog bestaansreg?* word in koerantartikels gevra (Beeld, 22–2–92), en simposiums word gehou om die "saak vir die geesteswetenskappe" te stel (vgl. Anon., 1992)[2]. Dit gaan hier duidelik nie net om veranderende behoeftes in die arbeidsmark nie, maar ook om veranderende samelewingswaardes. Dit is veranderinge waaraan die historikus waarskynlik min kan doen. Hy kan tog, saam met ander geesteswetenskaplikes, deur navorsing en onderrig probeer bydra om hierdie waardes te verander. In elk geval moet die historikus voortdurend krities na sy vak kyk en seker maak dat dit so beoefen word dat die betekenis daarvan vir hierdie tyd duidelik na vore kom.

2. Die strewe om Geskiedenis meer relevant te maak, is egter verantwoordelik vir 'n ander probleem waarvoor historici vandag te staan kom, naamlik dat sommige pogings in hierdie verband die grondslae van die vak bedreig. Veral in die VSA kom hierdie probleem tans sterk op die voorgrond. In 'n poging om die maatskaplike posisie van die swart en Spaanssprekende minderheidsgroepe te verbeter, word, in sogenaamde multikulturele skoolleerplanne, weg beweeg van 'n Westerssentriese benadering en meer aandag aan die geskiedenis van nie-Westerse kulture gegee, en word veral gewys op die prestasies van hierdie kulture. Hiermee word dan gepoog om die gevoel van eiewaarde van hierdie groepe te verbeter. In sommige sillabusse word egter sover gegaan om die geskiedenis te verdraai om hierdie doel te bereik. Die sogenaamde Afrosentriese Onderwysbeweging het byvoorbeeld handboeke opgestel waarin beweer word dat die ou Egiptenare swartmense was, dat die Grieke talle dinge van hulle oorgeneem het en dat die Westerse wetenskap, filosofie en godsdiens sy oorsprong dus in hierdie beskawing van swartmense het (vgl. Singer, 1990; Ravitch, 1991; Martel, 1991–1992; Levine, 1992). Daar is ook ander groepe soos die feministe wat meen dat die geskiedenis oorgeskryf moet word om die vrou se aandeel daarin sterker te laat blyk; die geskiedenis moet nie net *history* wees nie maar ook *her story* (vgl. Andrew, 1990; Christie, 1991). Dan is daar nog groepe soos die homoseksuele en lesbiërs wat meen dat hulle nie hul regmatige plek in die Geskiedenisboeke beklee nie (vgl. Eaklor, 1991).

Die verskynsel dat bepaalde groepe in die samelewing die vak Geskiedenis wil gebruik om hul politieke, ekonomiese en sosiale posisie te verbeter, is niks nuuts nie. Wat egter veral verontrustend is, is die groot invloed wat hierdie groepe het, ook aan Amerikaanse universiteite, waar 'n belangrike deel van die wêreld se leidende historici werksaam is. Hierdie historici verkeer onder groot druk om te sorg dat Geskiedenissillabusse, -handboeke en -aanbiedinge voldoen aan die eise van politieke korrektheid en dat hulle genoeg aandag gee aan die rol van swartmense, vroue, omgewingsake, ensovoort. Dit is feitlik nie moontlik om aan al hierdie eise te voldoen sonder om belangrike afdelings van die geskiedenis af te skeep ten koste van minder belangrike sake nie. Eintlik word die kriteria om te bepaal wat belangrik is en wat minder belangrik is in die geskiedenis, al meer van buite af opgelê. Die vraag kom op of historici werklik 'n manier het om te bepaal watter plek sake soos die mens se verhouding tot die omgewing of sosiale of ekonomiese geskiedenis in 'n algemene oorsig oor die wêreldgeskiedenis of die geskiedenis van 'n land moet hê.[3]

Hoewel die ontwikkelinge wat hier geskets is, veral in die VSA duidelik blyk, is daar ook in Europa soortgelyke tendense, en dit is waarskynlik dat hulle in Suid-Afrika al sterker sal word, veral as gevolg van die ingrypende veranderinge op politieke gebied wat ons op die oomblik beleef. Tans word daar uit verskeie oorde, en deels om baie goeie redes, aangedring op ingrypende hersiening van skool- en universiteitsillabusse in Geskiedenis. Daar bestaan egter 'n ernstige gevaar dat die vak, soos ook in die verlede in Suid-Afrika gebeur het, ingespan word om bepaalde politieke en sosiale doelwitte te bereik en dat akademici onder druk geplaas word om teen hul eie oortuiginge in en in stryd met aanvaarde wetenskaplike norme, hul sillabusse en aanbiedinge te wysig om hierdie doelwitte te help verwesenlik.

3. Dit bring ons by die probleem van die "omstrede Suid-Afrikaanse verlede", soos F.A. van Jaarsveld dit noem (Van Jaarsveld, 1984), waaroor ook al baie geskryf en gepraat is, en waaraan ek net baie kortliks aandag gee. Daar bestaan in sake die Suid-Afrikaanse geskiedenis, soos in verband met die geskiedenis van ander lande, verskillende, selfs botsende interpretasies. 'n Geheel en al blank-sentriese siening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis het vroeër in Afrikaans- en Engelstalige werke en in skool- en universiteitsillabusse voorgekom, maar dit is tans nie meer so sterk aanwesig nie. Tog kan nog van 'n Westers-sentriese benadering in skoolsillabusse en sommige universiteitsillabusse gepraat

word. Daarteenoor word 'n swart- of Afrikasentriese siening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis voorgestaan deur historici soos L.M. Thompson, wat die vroeë geskiedenis van die blankes in Suid-Afrika in sy jongste werk (Thompson, 1990) onder die opskrif *The white invaders* behandel. Moet ons aanvaar, soos Van Jaarsveld, dat daar nie "een algemene geskiedenis wat vir almal tegelyk aanvaarbaar kan wees" (Van Jaarsveld, 1984: 204) van Suid-Afrika kan bestaan nie en dat 'n handboek oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat alle groepe tevrede kan stel, dus eintlik nooit geskryf sal kan word nie? Of is dit tog moontlik om botsende sieninge te versoen en 'n geheelbeeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te vorm wat as basis vir onderrig op skole kan dien en kan help om verskille tussen groepe te oorbrug?

Ek kyk na die onderwerp *Die eenheid van die geskiedenis* vanuit die hoek van 'n historikus en nie vanuit die hoek van 'n filosoof of teoloog nie, en hoewel geskiedfilosofiese aspekte ook bekyk moet word, wil ek veral beklemtoon hoedat die onderwerp die historikus se werk raak.

Wat word bedoel met die eenheid van die geskiedenis? Daar kan meer as een betekenis aan hierdie term geheg word. Ek verstaan daaronder, baie kortliks gestel, dat die geskiedenis van die hele mensheid 'n eenheid vorm en dat die geskiedenis van 'n beskawing, volk, land, streek of persoon nie 'n volkome selfstandige geheel is nie, maar dat dit deel vorm van 'n groter geheel of samehang. Die vestiging van die verversingspos aan die Kaap deur die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie in 1652 maak byvoorbeeld deel uit van die geskiedenis van Suid-Afrika, maar ook van die geskiedenis van die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie en daarmee van die geskiedenis van Nederland sowel as van Indonesië. Die Tweede Anglo-Boere-oorlog beklee 'n belangrike plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar ook in die geskiedenis van die Britse Ryk, van Westerse kolonialisme in Afrika en van internasionale verhoudinge. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis is dus onlosmaaklik verbind met die res van die wêreldgeskiedenis.

Die onderwerp word vervolgens in drie afdelings behandel:

* Eerstens word kortliks nagegaan hoe die beskouing dat die geskiedenis 'n eenheid is, ontstaan het, en in hoeverre dit daarna in die geskiedeniswetenskap aanvaar is en in die geskiedskrywing tot op hede tot uiting gekom het.

* Daarna word enkele probleme wat uit hierdie bespreking na vore kom, rakende die eenheid van die geskiedenis en hoe dit in die geskiedskrywing tot uiting kan en behoort te kom, verder bekyk.

* Ten slotte word aangedui wat die implikasies vir die geskiedkunde in Suid-Afrika vandag is indien die geskiedenis as 'n eenheid gesien en bestudeer word.

## DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE OPVATTING DAT DIE GESKIEDENIS 'N EENHEID IS

Wanneer het die opvatting dat die geskiedenis 'n eenheid is, ontstaan? In die Oudheid, en by die volke van Asië en Afrika ook nog eeue lank daarna, is die geskiedenis nie as 'n eenheid gesien nie. Die mense van die Oudheid se kennis en begrip van die geskiedenis was sterk verweef met hul belewing van die natuur. Hulle het hul eie lewens gesien as oorskadu deur 'n ewige en onveranderlike natuur met 'n steeds terugkerende kringloop, en 'n sikliese tydsbesef het by hulle voorgekom (Van der Walt, 1978: 33–34; Bebbington, 1979: 21; Von der Dunk, 1982: 53; Van der Dussen, 1986: 29). Die geskiedenis of ontwikkelingsgang van die mensheid as geheel, vir sover hulle 'n bewussyn daarvan gehad het, was by hulle van sekondêre belang teen die agtergrond van die ewige wederkeer in die natuur. Sikliese geskiedbeskouinge het voorgekom in die Nabye Ooste, Indië, China en ook in die Grieks-Romeinse wêreld, en dit vorm ook 'n element van Oosterse godsdienste wat nog in ons eie tyd aangehang word, soos die Hindoeïsme en die Boeddhisme (Cairns, 1963: 35–68; Bebbington, 1979: 21–28). Hoewel daar in hierdie sieninge geen plek is vir 'n beskouing van die geskiedenis van die hele mensheid as een samehangende en kontinue gang van gebeure nie, blyk daar tog 'n besef van die samehang en voortgang van die geskiedenis van die eie volk of samelewing by Oosterse geskiedskrywers, en veral ook by die ou Griekse geskiedskrywers soos Herodotus, Thucydides en Polybius (vgl. Meier, 1978: 78). Polybius (ongeveer 198–117 v.C.) kyk in sy geskiedeniswerk van veertig dele reeds veel wyer as die geskiedenis van die Grieke en beskryf die opkoms van die Romeinse Ryk in die Middellandse-seegebied. Hy (en ander geskiedskrywers van die Hellenistiese en die Romeinse eras) sien eintlik reeds die geskiedenis van die volke rondom die Middellandse See as 'n samehangende geheel (Den Boer, Hugenholtz en Locher, 1960: 52–53; Barnes, 1962: 32–33; Breisach, 1983: 45–49). Verder was daar by sommige Griekse en Hellenistiese denkers, veral by die Stoïsyne, die besef

aanwesig dat die mensheid 'n eenheid vorm, maar dit het vir hulle nog nie een gemeenskaplike geskiedenis ingehou nie (Smit, 1950: 106).

Die besef dat die geskiedenis van alle mense en volke op aarde een samehangende eenheid vorm, het ontstaan met die opkoms van die Christendom. Reeds by die Hebreërs van die Ou Testament was daar die besef aanwesig dat alle volke aan mekaar verwant is en 'n gemeenskaplike ontstaansgeskiedenis het, soos ons in die boek Genesis lees, maar omdat hulle hul as uitverkore volk beskou het, het die eie volk tog in die sentrum van hul siening van die geskiedenis gestaan (vgl. Bellon, 1953: 18). Die beskouing dat alle mense gelyk is voor God, dat geen volk noodwendig 'n sentrale plek in die geskiedenis beklee nie en dat die geskiedenis van alle volke saam een geheel vorm, kom vir die eerste keer by die vroeë Christelike geskiedskrywers voor. Hulle het geglo dat alle gebeurtenisse, ryke en volke 'n bepaalde plek het in die geskiedenis wat onder leiding van God se voorsienigheid verloop. Verskeie hedendaagse skrywers oor die geskiedenis van die historiografie (o.m. Collingwood, 1946: 46; Smit, 1950: 106; Den Boer, Hugenholtz en Locher, 1960: 75; Barnes, 1962: 41; McIntire, 1975: 55; Breisach, 1983: 77; Van der Dussen, 1986: 32) meen dan ook dat die opkoms van die Christendom 'n radikale omwenteling in die geskiedbeskouing en geskiedskrywing gebring het.

Hoewel die vroeg-Christelike en Middeleeuse skrywers 'n besef van die wêreldgeskiedenis as 'n eenheid gehad het, was hulle kennis van hierdie geskiedenis baie beperk. Hulle het byvoorbeeld feitlik geen kennis van die volke van Sentraal- en Oos-Asië gehad nie en hoofsaaklik geskryf oor die vroeë Nabye Ooste en die Grieks-Romeinse wêreld en oor latere ontwikkelinge in hul eie land. In die Islamitiese Beskawing, wat vanaf die sewende eeu tot ontwikkeling gekom het, is voortgebou op die vroeg-Christelike kennis van die geskiedenis en was daar ook 'n besef van die eenheid van die geskiedenis aanwesig. Weens die verspreiding van hul beskawing oor groot dele van Asië en Afrika het die Moslems 'n wyer kennis van die wêreldgeskiedenis gehad as die Europese Christene, en die dertigdelige geskiedwerk van Ali al-Masudi, 'n Arabiese historikus van die tiende eeu, kom nader aan 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis as enige vroeëre geskrif (Hitti, 1970: 389–391; Ghosh, 1964–1965: 5).

In Wes-Europa het die Ontdekkingsreise van die vyftiende en sestiende eeu groter kennis van die wêreld en die wêreldgeskiedenis gebring. In

sy *Histoire universelle du monde* (universele wêreldgeskiedenis), gepubliseer in 1572, wy die Franse geskiedskrywer Francois de Belleforest ook aandag aan die geskiedenis van Amerika (Den Boer, Hugenholtz en Locher, 1960: 176). Eers in die agtiende eeu is in Europa heelwat aandag aan die geskiedenis van die Oosterse volke gegee. Die Verligtingsfilosoof Voltaire se *Essai sur les moeurs et l'esprit des nations* (verhandeling oor die gewoontes en die gees van die volke) wat in 1754 verskyn het, was 'n baanbrekerswerk wat soms beskou word as die eerste geheelbeeld van die geskiedenis van die wêreld, en nie net die Westerse wêreld nie. Die beskouing van die mensheid as 'n eenheid was by die Verligtingsdenkers sterk aanwesig. Voltaire se werk was egter geen geskiedskrywing in die moderne sin van die woord nie; hy selekteer sake wat betrekking het op die gees en ideale van die Verligting, en hy gee eintlik 'n filosofiese bespreking van die wêreldgeskiedenis (Fueter, 1936: 357–358; Den Boer, Hugenholtz en Locher, 1960: 182; Barnes, 1962: 153–154; Hay, 1977: 172). In hierdie tyd het daar reeds ingrypende veranderinge in die Westerse denke oor die geskiedenis plaasgevind. Reeds vanaf die sestiende eeu het daar 'n sekularisasieproses in die geskiedbeskouing ingetree, waarvolgens nie meer God se dade met die mens nie, maar die mens se vooruitgang deur eie prestasies op die voorgrond getree het. Die Verligtingsdenkers het geglo in die onbegrensde volmaakbaarheid van die mens en het probeer aantoon dat die mensheid in die loop van die geskiedenis steeds verder in die rigting van volmaaktheid beweeg het. Skematiese wêreldgeskiedenisse is saamgestel deur die markies De Condorcet, Adam Ferguson en andere, waarin volke in verskillende wêrelddele as verteenwoordigend van verskillende stadia van vooruitgang beskryf is. (Mohan, 1970: 72–74; Bebbington, 1979: 80). In die negentiende eeu het die vooruitgangsidee nog steeds 'n belangrike rol gespeel, en in die geskiedbeskouinge van invloedryke denkers soos G.W.F. Hegel, Auguste Comte en Karl Marx het raamwerke of sisteme van die wêreldgeskiedenis wat uitloop op 'n eindtoestand van volmaaktheid, 'n kardinale element gevorm. Hierdie sisteme is egter nog hoofsaaklik op die ontwikkeling van die Westerse wêreld gegrond, en die Oosterse volke speel geen belangrike rol daarin nie. Dit is ook slegs teoretiese beskouings van die wêreldgeskiedenis en geen geskiedskrywing nie.[4]

In die negentiende eeu het die geskiedkunde as 'n wetenskaplike dissipline sy beslag gekry. Die meeste historici, onder wie Leopold von Ranke wat as die eintlike vader van die wetenskaplike geskiedskrywing beskou word, was gekant teen filosofiese sisteme van die geskiede-

nis (Van Jaarsveld, 1980: 13) en wou, sonder vooropgesette idees, deur deeglike studie van dokumente en ander bronne probeer om die verlede weer te gee soos dit werklik was. Die klem op intensiewe bronnestudie het 'n wye onderwerp soos 'n werk oor die geskiedenis van die wêreld buite die gesigsveld van die meeste historici geplaas. In reaksie teen die Verligting met sy klem op die algemeen menslike, het sommige denkers en skrywers onder invloed van die Romantiek selfs gemeen dat die geskiedenis van die mensheid geen eenheid vorm nie (vgl. Dreyer, 1974: 45). Die meeste vroeë negentiende-eeuse skrywers het slegs belanggestel in die geskiedenis van die eie land en volk en die volksgeskiedenis as 'n organiese ontwikkelingsproses gesien (vgl. Fueter, 1936: 419–421). Ranke het tog die geskiedenis van die hele Wes-Europa as 'n eenheid beskou en op 86-jarige leeftyd ook begin met die skryf van 'n wêreldgeskiedenis, wat by sy dood in 1886 nege bande beslaan het en die geskiedenis tot die elfde eeu behandel. Dit handel feitlik net oor die geskiedenis van die Midde-Ooste en Europa (vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, 1960: 198; Vogt, 1961: 18; Van Jaarsveld, 1980: 14). Vir die meeste historici van daardie tyd was wêreldgeskiedenis feitlik sinoniem met die geskiedenis van die Weste. Daar is geglo dat veral die sogenaamde skriflose samelewings, soos die volke van Afrika suid van die Sahara, 'n statiese kultuur en daarom eintlik geen geskiedenis het nie, terwyl die Indiese en Chinese beskawings buite die hoofstroom van die geskiedenis staan (vgl. Den Boer, Hugenholtz en Locher, 1960: 198; Harmsen, 1968: 72; De Klerk, 1989). 'n Uiterste konsekwensie van die opvatting dat die Oosterse beskawings se geskiedenis los van die Westerse geskiedenis staan, was die beskouing van Oswald Spengler, soos uiteengesit in sy *Der Untergang des Abendlandes* (1918–1922), naamlik dat elke beskawing 'n eie besondere karakter het soos 'n lewende organisme. Vir hom is die wêreldgeskiedenis geen eenheid nie, maar slegs die kollektiewe biografie van hierdie beskawings.[5] Die negentiende eeu, wat dikwels as die goue eeu van die geskiedeniswetenskap bestempel word, was 'n tydperk van partikularisme in die geskiedkunde; deeglike navorsing is gedoen, maar hoofsaaklik op die terrein van die lands- of volksgeskiedenis, en min aandag is gegee aan die sintese van historiese kennis wat uiteindelik op sintesewerke oor die wêreldgeskiedenis sou kon uitloop.

In die twintigste eeu het die behoefte om die wêreldgeskiedenis werklik in sy geheel te ken en te beskryf dringender geword. Feitlik geen volk of samelewing het nou meer in isolasie geleef nie, en gebeure in een deel van die wêreld het gebeure in 'n ander deel al meer direk ge-

raak. Sommige historici soos Reinhard Wittram (1958: 46 e.v.; vgl. ook Nipperdey, 1991) het verklaar dat daar nou eers werklik van wêreldgeskiedenis sprake kon wees en die geskiedenis nou eers 'n eenheid geword het. Nuwe kennis oor die vroeë geskiedenis van Asië, Afrika en Amerika, onder meer deur steeds verdere argeologiese studie, het egter aangetoon dat daar veel meer kontak tussen die ou beskawings was as wat vroeër bekend was, en dat die gedagte dat daar voor die moderne tyd nie van 'n wêreldgeskiedenis sprake kan wees nie, nie houdbaar is nie.[6] Resente paleontologiese, antropologiese en taalkundige navorsing dui ook op 'n gemeenskaplike ontstaansgeskiedenis van die mensheid. Verder het daar, veral na die beëindiging van Europese koloniale beheer in Asië en Afrika, in die Weste 'n al groot belangstelling in die geskiedenis van hierdie wêrelddele ontstaan.

Reeds vroeg in die twintigste eeu is verskeie groot projekte onderneem om 'n universele geskiedenis saam te stel. In 1900 het die Franse historikus Henri Berr 'n tydskrif gestig wat veral op die studie van wêreldgeskiedenis toegespits was, en daar het hy ook die leiding geneem om 'n uitgebreide versamelwerk oor die wêreldgeskiedenis tot stand te bring wat veel wyer as die geskiedenis van die Westerse wêreld strek (Vogt, 1961: 74–75). Benewens verdere groot versamelwerke is ook korter sintesewerke geskryf, waarvan veral H.G. Wells se boek *The outline of history* (1931) wye bekendheid verwerf het. Die strewe om van 'n Europa-sentriese kyk weg te beweeg is egter tot uiterstes gevoer in die projek wat in die vyftigerjare deur Unesco (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization) onderneem is om 'n versamelwerk, getiteld *History of mankind: cultural and scientific development* (Unesco, 1963–1966), tot stand te bring. Toe die Amerikaanse historikus Louis Gottschalk, wat verantwoordelik was vir die skryf van 'n deel van die versamelwerk, sy bydrae die titel *The European Age, 1300–1775* wou gee, het die komitee wat toesig gehou het oor die projek, hom meegedeel dat geen tydperk in die wêreldgeskiedenis 'n Europese tydperk genoem kan word nie, omdat alle gebiede in gelyke mate deel het aan die wêreldgeskiedenis (Allardyce, 1990: 31–32). Skrywers van hierdie reeks het dan ook gepoog om ewe veel ruimte aan die bydrae van elke kultuur te gee, en na die verskyning van die werk het sommige kritici verklaar dat so 'n geskiedwerk waarin alle volke en samelewings gelyke behandeling ontvang, uiteindelik geen geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis bied nie (Allardyce, 1990: 35–37). Die pogings van die Amerikaanse historici W.H. McNeill (1963) en L.S. Stavrianos (1971) om in 'n enkele boekdeel 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis te gee,

was meer geslaagd, hoewel hierdie werke ook heelwat kritiek uitgelok het (vgl. McNeill, 1990; Allardyce, 1990). Die afgelope jare is aan 'n hele aantal Amerikaanse universiteite en kolleges inleidende kursusse in die wêreldgeskiedenis ingestel en is verskeie handboeke wat 'n oorsig van die wêreldgeskiedenis gee, geskryf (Hitchens, 1990; Green, 1992: 41; Manning, 1992).

Die feit dat dit so moeilik was vir historici om 'n wetenskaplike werk tot stand te bring wat 'n duidelike geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis bied, het waarskynlik belangstelling in teoretiese raamwerke waarin die wêreldgeskiedenis omvat kan word, bevorder. Die historikus Arnold Toynbee se sisteem van beskawings, soos uiteengesit in sy twaalfdelige werk, *A study of history* (1934–1961), het wye belangstelling gewek, maar ook skerp kritiek van historici uitgelok. Immanuel Wallerstein se werk *The modern world system* (1974–1989) het groter aanklank by historici gevind, waarskynlik veral omdat dit aansluit by die Marxistiese ekonomiese teorie wat deur baie Westerse historici aanvaar is. Wallerstein het 'n Westerssentriese siening van die wêreldgeskiedenis, maar sy teorie dat 'n Westerse kapitalistiese wêreldekonomie vanaf die sestiende eeu tot stand gekom het waarin die nie-Westerse wêreld die randgebied van die Weste geword en deur die Weste ekonomies uitgebuit is, is juis in die Derde Wêreld verwelkom (Green, 1992: 47). Wallerstein se sentrum-periferieteorie is ook op ander, nie-kapitalistiese, samelewings in die geskiedenis toegepas (vgl. Chase-Dunn en Hall, 1991). André Gunder Frank (1991) en andere, streef daarna om op die basis van Wallerstein se teorie wêreldsisteemgeskiedenis te beoefen waarin historici nie net verskillende volke, tydperke en plekke met mekaar in verband bring nie, maar waarin hierdie verbande ook gesistematiseer word (Frank, 1991: 4; vgl. ook Tilly, 1984: 125–147).

## PROBLEME RAKENDE DIE EENHEID VAN DIE GESKIEDENIS

Die groot toename en belangstelling, gedurende die afgelope jare, in die skryf en onderrig van wêreldgeskiedenis het ook die probleme hieraan verbonde sterker op die voorgrond gebring. Een daarvan is dat die aanvaarding van 'n omvattende teorie waarvolgens beskawings of ekonomiese sisteme as basiese eenhede van die wêreldgeskiedenis gesien word, dit wel moontlik maak om bepaalde verbande wat binne en tussen hierdie eenhede bestaan, raak te sien, maar nie geskiedskrywing waarin alle samehange behandel en die wêreldgeskiedenis as een samehangende geheel beskryf word nie. Die gebruik van sulke

teoretiese modelle druis ook in teen die metodologie en werkwyse wat die meeste historici vandag nog in die algemeen volg. Aan die ander kant is 'n "vormlose" beskrywing van die wêreldgeskiedenis, soos in die Unesco-projek, ook onbevredigend. Die World History Association, gestig in 1982, het op sy vergaderings en in sy publikasies probleme by die skryf en onderrig van wêreldgeskiedenis ondersoek. Daar is onder meer besef dat by die aanbied van 'n inleidende kursus die vraag telkens na vore kom: Wat is wêreldgeskiedenis? "So far, a compelling response has eluded the WHA. What the organization needs, a member remarked, is 'a simple, all-encompassing, elegant idea' with the power to order human experience." (Allardyce, 1990: 67.) Die probleem wat hieruit blyk, is dat 'n geskiedbeskouing grondliggend is en behoort te wees aan enige behandeling van die wêreldgeskiedenis. Ook in 'n werk soos die Unesco-wêreldgeskiedenis is 'n geskiedbeskouing nie afwesig nie, al het die samestellers nie besin oor die beskouing wat grondliggend aan hul werk is nie. Die beskouing dat alle gebiede in gelyke mate bygedra het tot die wêreldgeskiedenis, is immers reeds 'n geskiedbeskouing.

In die hedendaagse geskiedeniswetenskap, èn ook in die hedendaagse filosofie, word die opvatting dat 'n geskiedbeskouing of, in elk geval, bepaalde voorwetenskaplike uitgangspunte altyd die wetenskaplike beoefening van geskiedenis beïnvloed, wyd aanvaar. Historici wat, reeds vanaf die negentiende eeu, onder die invloed was van die denke van die historisme, het besef dat hul geskiedwerke self die produk is van 'n besondere historiese periode en deur heersende beskouinge van hul eie tyd en omgewing beïnvloed word (vgl. Krüger, 1946). Die Franse denker Michel Foucault, wat vandag veral in Europa heelwat aanhang geniet, het probeer aantoon dat daar in die geskiedenis bepaalde epistemologiese velde (*epistèmès*) onderskei kan word wat die denke en wetenskap van 'n bepaalde periode beheers (Van der Dussen, 1986: 115). Die Amerikaanse filosoof Thomas Kuhn sien die ontwikkeling van die wetenskap as 'n opeenvolging van periodes waartydens die wetenskap telkens binne 'n bepaalde paradigma of gevestigde teoretiese kader beoefen word (Van der Dussen, 1986: 115; Van den Braembussche, 1985: 70–79). Hierdie beskouing word vandag deur baie wetenskapsfilosowe en wetenskapshistorici aanvaar, en in enkele resente werke oor die geskiedskrywing word aangetoon dat verskillende paradigmas, of grondliggende beskouinge wat historiese navorsing in 'n bepaalde rigting gestuur het, in die ontwikkeling van die geskiedeniswetenskap onderskei kan word (Iggers, 1975; Stoianovich, 1976; Van den Braembussche, 1985; De Klerk, 1987).

Dit lei tot die vraag: Wat is die invloed van die geskiedbeskouing op die geheelbeeld wat 'n historikus van die geskiedenis probeer vorm? Om hierdie vraag te beantwoord, moet die wyer probleem van die invloed wat die aktiwiteit van historiese kennisvorming op die kenresultaat het, bekyk word. Daar is geskiedfilosowe, van verskillende denkrigtings, wat meen dat as 'n historikus die wêreldgeskiedenis as 'n eenheidsamehang uitbeeld, hierdie samehang eintlik deur die historikus self geskep word. Vir filosowe van die idealistiese rigting, soos R.G. Collingwood en B. Croce, bestaan die geskiedenis nie as 'n werklikheid buite die denke nie (vgl. Brüning, 1961: 120–167; Atkinson, 1978: 24–29; Ankersmit, 1984: 278; Van der Dussen, 1986: 144–178). Die historikus *re*konstrueer nie die geskiedenis nie, maar konstrueer dit (Atkinson, 1978: 41). Die eenheid van die geskiedenis is dus ook iets wat deur die historikus geskep word.[7] Karl Popper (wie se filosofie gewoonlik as kritiese rasionalisme getipeer word) meen dat die historikus volgens sy belangstelling 'n seleksie uit die oneindige hoeveelheid feite maak om byvoorbeeld oor die geskiedenis van kuns, taal of politieke mag te skryf. "There is no history of mankind, there is only an indefinite number of histories of all aspects of human life." (Popper, 1966: 270.) Popper meen ook dat vanuit verskillende uitgangspunte verskillende seleksies gemaak en totaal verskillende interpretasies gedoen kan word, sodat vanuit een gesigspunt die geskiedenis byvoorbeeld as 'n proses van vooruitgang en volgens 'n ander gesigspunt as 'n proses van agteruitgang gesien kan word (Popper, 1966: 267). Hierdie interpretasies kan nie soos wetenskaplike teorieë weerlê word nie, en die geskiedkunde is vir Popper eintlik nie 'n wetenskap nie (Van der Dussen, 1986: 138–140; vgl. ook Wilkins, 1978)[8].

Dit bring ons by die probleem van subjektiwiteit en objektiwiteit in die geskiedeniswetenskap, 'n probleem waaroor deur talle filosowe en historici geskryf is (o.m. Van der Merwe, 1971; Dreyer, 1974: 84–96; Koselleck, Mommsen en Rüsen, 1977; Atkinson, 1978: 69–94; Ankersmit, 1984: 273–289; Nowick, 1988) en waarop daar ook vanuit verskillende geskiedbeskouinge verskillende antwoorde gegee word. Ek gaan kortliks vanuit die hoek van 'n Christelike beskouing na die vraagstuk van die invloed van die geskiedbeskouing op die historikus se kennis van die wêreldgeskiedenis kyk.

Aan hierdie universiteit word gepoog om die wetenskap vanuit 'n Christelike beskouing te beoefen, en ek meen dat 'n Christelike geskiedbeskouing die beste grondslag vorm vir die geskiedskrywing in die algemeen,

maar in besonder vir die totstandbrenging van 'n wetenskaplike beeld van die wêreldgeskiedenis. Soos reeds vroeër aangetoon, was dit die geskiedbeskouing van die vroeë Christendom wat dit moontlik gemaak het om die wêreldgeskiedenis as 'n eenheid te sien. In die beskouing van die vroeë Christene word die geskiedenis gesien as wat met die mensheid vanaf die skepping tot aan die voleinding gebeur en wat uiteindelik deur 'n Goddelike Raadsplan bepaal word. Vir hulle was dus nie net die verlede nie, maar ook die geskiedenis, as 'n proses, as die ontwikkelingsgang van die mensheid in die loop van die tyd, 'n werklikheid wat hulle kon ken en beskryf (vgl. McIntire, 1975: 57). Ook vandag is dit die standpunt van Christelike denkers, veral van die Protestants-Calvinistiese rigting, dat die geskiedenis 'n deel of aspek van die werklikheid is wat nie met die verlede vereenselwig kan word nie, maar wat ook die toekoms in strek, alhoewel slegs dié deel van die geskiedenis wat reeds plaasgevind het, geken kan word. Wanneer die historikus feite selekteer, geskied dit nie bloot op grond van sy gesigspunt of doelwitte soos Popper meen nie (hoewel dit ook 'n rol speel), maar op grond van die betrokkenheid van hierdie feite op die ontwikkeling van 'n samelewing of kultuur, en uiteindelik op die kultuurontwikkeling van die mensheid (vgl. Popma, 1945; Dooyeweerd, 1955: 196–197; Stoker, 1961: 224–226; Van der Merwe, 1971: 219–220; McIntire, 1984: 17–40; Smit, 1987; De Klerk, 1988: 21–96). Hieruit volg dat in 'n Christelike beskouing die wêreldgeskiedenis, of mensheidsgeskiedenis, nie die ontwikkeling van die heelal, die aarde en die plante- en die diereryk insluit nie.

'n Calvinisties-Christelike geskiedbeskouing hou ook in dat die Bybel gesien word as 'n besondere openbaring in die lig waarvan die werklikheid, en dus ook die geskiedenis, bestudeer behoort te word. Dit beteken nie dat die Bybel self as 'n wetenskaplike handboek of as 'n historiese bron dien, of dat Bybelse gegewens die plek van gegewens wat deur wetenskaplike ondersoek verkry kan word, inneem nie. Die Christenwetenskaplike is egter bewus van die beperkinge van die wetenskap en die menslike verstand, en hy probeer nie om vrae aangaande byvoorbeeld die oorsprong, toekoms en sin van die werklikheid, waaroor geen wetenskaplike ondersoek gedoen kan word nie, opsy te skuif nie. Hy laat hom deur die Bybel lei om sy werklikheids- en geskiedbeskouing te vorm, en daarmee ook die uitgangspunte van sy wetenskaplike ondersoek.

'n Christelike beskouing van die geskiedenis moet nie gesien word as 'n omvattende teoretiese sisteem wat vooraf aanvaar en waarbinne die

wêreldgeskiedenis georden moet word, soos dié van Marx, nie. Dit bevat slegs enkele basiese opvattinge oor die begin, verloop en einde van die wêreldgeskiedenis wat as uitgangspunte en riglyne vir die historikus dien. Historici moet deur wetenskaplike ondersoek van alle beskikbare bronne kennis van die geskiedenis bekom en kan dan eers, deur 'n sintese van hierdie kennis, 'n geheelbeeld van die geskiedenis vorm. Wanneer 'n aantal historici van 'n Christelike geskiedbeskouing uitgaan, beteken dit nie dat hulle almal presies dieselfde beeld van die wêreldgeskiedenis sal gee nie. Ten eerste is daar ook binne die Christelike denke oor die geskiedenis verskille, tussen onder meer die Rooms-Katolieke en die Protestantse beskouing (vgl. Smit, 1950), maar ook tussen Calvinistiese denkers onderling, wat 'n invloed op hierdie beeld kan hê. Verder speel die persoonlike eienskappe van die historikus steeds 'n rol en word hy beïnvloed deur tyds- en omgewingsfaktore (vgl. Du Plessis, 1964). Dit word oor die algemeen deur Christelike denkers oor die geskiedenis aanvaar dat die historikus se perspektief op die geskiedenis altyd sterk tydsbepaald is. Nuwe ontwikkelinge beïnvloed steeds die interpretasie van vroeëre gebeure. Die omwentelinge in Oos-Europa die afgelope paar jaar het byvoorbeeld die geskiedenis van die kommunisme in 'n heeltemal nuwe perspektief geplaas. Om 'n beeld van die wêreldgeskiedenis te vorm, ook vanuit 'n Christelike oogpunt, kan dus nie iets eenmaligs wees nie, maar dit is 'n proses wat steeds voortgaan. Ten spyte van al die faktore wat die historikus se interpretasie beïnvloed, ondersoek historici almal dieselfde werklikheid en gebruik hulle wetenskaplike metodes wat in 'n hoë mate ooreenstem. Daarom kan daar te midde van verskille 'n groot mate van konsensus tussen historici oor hul beeld van die wêreldgeskiedenis bereik word, veral wanneer hulle gemeenskaplike uitgangspunte het, maar ook wanneer hulle van verskillende beskouinge uitgaan. Daar is, sover ek weet, die afgelope paar dekades geen poging aangewend om spesifiek vanuit 'n Christelike oogpunt 'n omvattende geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis, gegrond op resente navorsing, te vorm nie. As so 'n werk tot stand sou kom, kan dit van groot waarde wees, maar intussen bly dit steeds moontlik om krities van bestaande sintesewerke gebruik te maak om vanuit 'n Christelike oogpunt 'n geheelperspektief op die wêreldgeskiedenis te verkry.

Ek meen dat 'n Christelike geskiedbeskouing dit vir die historikus in 'n groter mate as ander heersende geskiedbeskouinge of paradigmas van ons tyd moontlik maak om 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis te vorm. Daar is tans veral twee belangrike identifiseerbare denkskole

in die Westerse historiografie, naamlik die Marxistiese en die Annalesrigting, hoewel daar binne dié groepe ook allerlei verskille bestaan en die meeste historici net gedeeltelik of glad nie by een van die groepe inskakel nie (vgl. Iggers, 1975; Van Jaarsveld, 1980). Die Marxistiese en Neo-Marxistiese beskouinge, wat die afgelope drie dekades groot invloed gehad het op die geskiedskrywing in die kommunistiese lande, maar ook in die Westerse wêreld en in Suid-Afrika, is, soos reeds genoem, nie net grondliggende beskouinge nie, maar teoretiese raamwerke, waarin veral die Marxistiese ekonomiese teorie 'n sentrale element vorm. Dit is tans duidelik dat die toepassing van Marxistiese beginsels in die ekonomiese sisteme van die Oosbloklande op 'n volslae mislukking uitgeloop het. Hiermee is die Marxisme as denkrigting, ook in die geskiedskrywing, gediskrediteer, hoewel variasies op die Marxistiese grondtema, en veral die teorie van Wallerstein, tans nog 'n belangrike invloed het op historici wat 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis wil vorm. Hierdie teorie, net so min as enige ander, kan, soos reeds gemeld, die eenheid van die geskiedenis in alle opsigte tot sy reg laat kom. Die tweede belangrike stroming in die hedendaagse geskiedskrywing is dié van die Annalesskool waarna soms ook as die strukturele of strukturalistiese paradigma verwys word[9] (Van den Braembussche, 1985: 94–107). Hoewel die skrywers van hierdie rigting verklaar het dat hulle "totale geskiedenis" wil skryf, het hulle tot dusver nie gepoog om 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis tot stand te bring nie. Dit hang daarmee saam dat Fernand Braudel en ander Annalesfigure die soeke na strukture in die samelewing wat oor 'n lang tydperk konstant bly, as hul vernaamste oogmerk gesien het en min daarin belanggestel het om historiese veranderinge te ondersoek. Hulle het bly vassteek in die studie van pre-industriële samelewings, veral in Europa, en die wêreldgeskiedenis beskou as 'n samevatting van alle wetenskaplike kennis en iets wat eers in die verre toekoms moontlik sal word. (Iggers, 1975: 43–79; Van Jaarsveld, 1980: 69–86; Van den Braembussche, 1985: 94–107, 143).

'n Belangrike vraag wat ten opsigte van 'n Christelike geskiedbeskouing as uitgangspunt vir die skryf van wêreldgeskiedenis gevra moet word, is of dit nie tot 'n Westerssentriese interpretasie van die geskiedenis sal lei nie. Die geskiedenis van die Christendom en die geskiedenis van die Westerse beskawing is immers nóú verweef. Dit moet tog in gedagte gehou word dat die Christendom in die Nabye Ooste ontstaan en vroeg reeds in Asië en Afrika versprei het. Verder het die invloed van die Christendom in die moderne Westerse Beskawing afgeneem,

terwyl dit vandag groot invloed in die Derde Wêreld, veral in Afrika en Latyns-Amerika, het. 'n Christelike beeld van die wêreldgeskiedenis impliseer ook nie dat die geskiedenis van die Christendom in die sentrum moet staan nie; dit beteken slegs dat Christelike uitgangspunte oor die geskiedenis so 'n beeld rig.

Ek het tot dusver slegs aandag gegee aan probleme rakende die eenheid van die geskiedenis van 'n meer teoretiese aard. Daar is ook probleme wat "praktiese probleme" genoem kan word. Hieroor word net enkele opmerkings gemaak. Een probleem is dat daar groot leemtes in ons kennis van veral die vroeë geskiedenis is, en dat daar byvoorbeeld baie min bekend is van die proses van die vroegste mense se verspreiding oor die aarde en die divergensie van hul kulture. Die vorming van 'n geheelbeeld word hierdeur baie bemoeilik. Dit is 'n probleem waarvoor historici steeds te staan kom, ook wanneer hulle die vroeë geskiedenis van 'n enkele land bestudeer. Hulle kan nie méér doen as om die beskikbare bronne so goed as moontlik te benut en wetenskaplike afleidings op grond daarvan te maak nie. Nog 'n probleem is dat, hoewel daar vanaf die vroegste tye kontak tussen die groot beskawings was, groepe soos die Indiane van Noord- en Suid-Amerika duisende jare lank van die res van die wêreld geïsoleer was. Hulle geskiedenis voor 1500 moet dus hoofsaaklik as 'n aparte geheel beskryf word. Dat die hele wêreldgeskiedenis 'n samehangende eenheid vorm, hou nie in dat daar nie groot verskeidenheid en verskille in die ontwikkelinge van gebiede en samelewings was nie. Om die wêreldgeskiedenis in sy geheel uit te beeld, beteken ook dat die verskeidenheid binne die geheel duidelik moet blyk.

'n Probleem wat dikwels geopper word, is dat dit byna 'n onbegonne taak vir 'n enkele historikus is om alle werke van belang te bestudeer ten einde 'n sintesewerk oor die wêreldgeskiedenis te kan skryf. Ek dink dat ons verskillende vlakke van sintese in die geskiedskrywing moet onderskei, en dat ons moet aanvaar dat so 'n historikus hoofsaaklik van ander sintesewerke oor die geskiedenis van lande, volke en beskawings sal gebruik moet maak. Wanneer 'n aantal historici wat elk gespesialiseerde kennis aangaande 'n bepaalde veld het, saamwerk, sou 'n omvattende sintesewerk wat op meer navorsing van oorspronklike bronne gebaseer is, tot stand gebring kon word. Dit is moeilik vir 'n historikus om 'n goeie begrip te vorm van kulture wat baie verskil van sy eie, en dit is dus 'n voordeel indien historici met verskillende kultuuragtergronde, of in elk geval deskundiges oor die geskiedenis van

besondere beskawings, aan 'n oorsigswerk van die wêreldgeskiedenis meewerk. So 'n gesamentlike onderneming het egter ook sy probleme. Dit kan byvoorbeeld maklik ontaard in wat die Duitsers noem 'n *Buchbindersintese*, waarin die verskillende onderdele nie goed by mekaar aansluit en nie saam 'n duidelike geheelbeeld bied nie.

Die toename in belangstelling in die wêreldgeskiedenis in die jongste tyd het daartoe gelei dat die bestudering daarvan vandag eintlik al 'n aparte studieveld geword het, wat, soos ander spesialisasieterreine, sy eie besondere probleme oplewer wat self 'n onderwerp van navorsing geword het (vgl. Vadney, 1990).

**IMPLIKASIES**

Wat is die implikasies daarvan indien die geskiedenis as 'n eenheid gesien en bestudeer word vir die geskiedeniswetenskap, soos wat dit vandag in Suid-Afrika beoefen word?

In die eerste plek is daar implikasies vir historiese navorsing. Ek het vroeër gesê dat 'n gebeurtenis soos die vestiging van die Kaapse verversingspos in 1652 deel vorm van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar ook van die geskiedenis van Nederland en Indonesië. Dit beteken dat 'n historikus wat 'n deeglike studie van hierdie historiese gebeurtenis wil maak en onder meer wil let op die oorsake en gevolge daarvan, die geskiedenis van Nederland, van Wes-Europa en ook van Oos-Asië in die sewentiende eeu moet bestudeer. Vir 'n volledige studie is dus kennis van die wêreldgeskiedenis gedurende dié betrokke tydperk nodig. Om die oorsake van die vestiging van die Kaapse verversingspos te bestudeer, moet verder teruggegaan word in die geskiedenis, en om die gevolge te bekyk, is weer kennis van die latere geskiedenis nodig. Uiteindelik is 'n omvattende kennis van die wêreldgeskiedenis nodig om die onderwerp goed te kan bestudeer. Die navorser se kennis en beeld van die wêreldgeskiedenis sal dus die resultaat van sy ondersoek beïnvloed. Om die belangrikheid van 'n historiese gebeurtenis te bepaal, is dit nodig om die gevolge daarvan te kan oorsien, en dus slegs wanneer 'n begrip van die gevolge van 'n gebeurtenis binne die wêreldgeskiedenis as geheel verkry kan word, kan die historiese belangrikheid van die gebeurtenis werklik bepaal word. Ook slegs op grond van 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis is dit moontlik om die relatiewe belangrikheid van verskillende aspekte van die geskiedenis

soos die mens se verhouding tot die omgewing of die rol van die vrou in die samelewing te bepaal.

Die eenheid van die geskiedenis hou ook in dat ekonomiese, sosiale, politieke en geestesgeskiedenis — dus ook die sogenaamde geskiedenis van die alledaagse lewe of "geskiedenis van onder af" (vgl. Eloff, 1991) — almal saam deel van die geskiedenis uitmaak. In 'n Christelike beskouing is die sosiale, politieke, ekonomiese, ensovoort, almal aspekte van die werklikheid, die een nie noodwendig meer basies of belangriker as die ander nie. Daar kan dus nie vooraf bepaal word dat byvoorbeeld die politieke aspek in 'n beskrywing van die wêreldgeskiedenis op die voorgrond moet staan nie. As gelet word op die geskiedenis van die vroeë beskawings, is dit veral hul bydrae tot die ontwikkeling van die tegniek, die wetenskap en die kuns wat van belang is, en nie soseer die politieke gebeure nie. By die bestudering van 'n besondere periode of gebied kan een bepaalde aspek dus van groter belang wees as 'n ander, en by die bestudering van 'n volgende deel van die geskiedenis 'n ander aspek weer van groter belang word. In 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis behoort politieke, ekonomiese, sosiale en kultuurgeskiedenis dus ineengeweef te wees.

Ook slegs indien die geskiedenis as 'n eenheid gesien word, kan die plek van die Westerse geskiedenis, die geskiedenis van die Ooste, van Afrika, ensovoort, in die wêreldgeskiedenis bepaal word. Dit is vandag vir feitlik alle historici duidelik dat wêreldgeskiedenis nie feitlik sinoniem is met Westerse geskiedenis, soos wat dit in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog meestal gesien is nie. Aan die ander kant is dit ook duidelik dat die Weste 'n besonder belangrike rol in die kultuurontwikkeling van die wêreld tot op hede gespeel het, en dit moet in 'n geheelbeeld van die wêreldgeskiedenis na vore kom. Ook die Suid-Afrikaanse geskiedenis kan net binne die konteks van die wêreldgeskiedenis in perspektief gesien word. Hierdie konteks behoort ook in groot mate te bepaal watter plek aan die rol van die blankes en die Westerse beskawing en watter rol aan die swart bevolking en inheemse kulture toegeken word. Vroeër is die Suid-Afrikaanse geskiedenis hoofsaaklik net in verhouding tot die Weste en veral die Europese moederlande bekyk. Suid-Afrika is deel van Afrika, en sy geskiedenis moet as deel van die geskiedenis van Afrika bekyk word, maar Suid-Afrika, en Afrika, vorm verder deel

van 'n groter wêreld, en alleen binne hierdie groter geheel kan die geskiedenis van Suid-Afrika in sy regte perspektief geplaas en beskryf word. Mense uit verskillende wêrelddele en met wyd uiteenlopende kulture het in Suid-Afrika in aanraking met mekaar gekom. Die vroeë geskiedenis van die inwoners van Suid-Afrika vorm dus deel van die geskiedenis van Afrika sowel as van Asië en Europa. Nie net in die gemeenskaplike deel hê aan die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie, maar ook in die gemeenskaplike deel hê aan 'n geskiedenis, wat veel verder teruggaan as die bekende Suid-Afrikaanse geskiedenis en veel wyer strek as Afrika, ook wyer as Europa, is daar 'n oorkoepelende eenheid, te midde van die verskeidenheid, tussen al die mense van Suid-Afrika. Hoewel verskille in interpretasies altyd sal bly bestaan, bied skool- en universiteitsillabusse waarin die Suid-Afrikaanse geskiedenis binne die konteks van die wêreldgeskiedenis behandel word, myns insiens belangrike moontlikhede om 'n wyd aanvaarbare perspektief op die Suid-Afrikaanse geskiedenis te verkry.[10]

Indien groter aandag aan die eenheid van die geskiedenis in navorsing en onderrig gegee word, kan dit 'n belangrike bydrae lewer om die waarde van die vak Geskiedenis tot sy volle reg te laat kom. Dit word algemeen aanvaar dat die waarde van die vak in 'n belangrike mate daarin geleë is dat ons eie tyd en omgewing en die probleme van ons tyd en omgewing daardeur in historiese perspektief geplaas word (vgl. De Klerk, 1988: 117–129). Om hierdie perspektief so wyd en volledig as moontlik te maak, moet dit 'n wêreldhistoriese perspektief wees. Indien by studente en skoliere 'n beeld van die wêreldgeskiedenis gevorm kan word waarbinne hulle besondere historiese ontwikkelinge en gebeure in 'n wyer perspektief kan sien, kan die waarde van die vak vir hulle duideliker word. Ook die skryf van populêre oorsigswerke oor die wêreldgeskiedenis kan 'n bydrae lewer om 'n beter begrip van die waarde van die vak by die publiek te kweek.

Ek dink dat in ons universiteitsonderrig besondere aandag aan die eenheid van die geskiedenis gegee moet word. In die VSA is voorgraadse kursusse in wêreldgeskiedenis tans baie populêr (vgl. Allardyce, 1990; Brooks, 1991; Manning, 1992), maar aan Suid-Afrikaanse universiteite word nog meestal net aandag aan die geskiedenis van die Westerse Beskawing gegee en aparte kursusse oor die geskiedenis van Afrika aangebied. Oorsigskursusse van die vroeë wêreldgeskiedenis kom wel voor aan Rhodes-universiteit en die Universiteit van Wes-Kaapland. Ek meen dat ons daarna moet streef om 'n wetenskaplike geheelbeeld van

die wêreldgeskiedenis by die voorgraadse student te vorm. Dit impliseer dat op hierdie vlak baie basiese historiese kennis by die studente tuisgebring moet word. Dit sou beter wees as die student hierdie basiese kennis reeds op skool verwerf, maar die feit is dat beginnerstudente tans deurgaans maar 'n baie gebrekkige kennis van die geskiedenis het. Dit het geen sin om in die eerste of tweede jaar reeds te konsentreer op besondere historiese temas soos byvoorbeeld die ontwikkeling van die parlementêre stelsel in die loop van die geskiedenis nie. Die student kan immers geen begrip vorm van die ontstaan van die parlement in die Middeleeue as hy nog nie weet hoe die Middeleeuse samelewing daaruit gesien en wat die feodale stelsel behels het nie. Dit spreek vanself dat in voorgraadse onderrig verder gegaan moet word as die vorming van basiese kennis. Onder meer moet 'n kritiese benadering ten opsigte van die handboeke en ander werke en 'n vertroudheid met die metodes van die geskiedkunde by die student gekweek word, sodat hy sover moontlik reeds tot wetenskaplike historikus gevorm word.

Ek is oortuig daarvan dat die beoefening en veral die onderrig van wêreldgeskiedenis vandag in Suid-Afrika van groot belang is. Begrip van die eenheid van die geskiedenis en van ons gemeenskaplike deel wees van die geskiedenis kan help om verdeeldheid en konflik tussen mense van verskillende etniese en kultuuragtergronde te oorkom. 'n Wêreldhistoriese perspektief is verder nodig om die eensydighede van sowel 'n Eurosentriese as 'n Afrosentriese benadering in die beoefening van die wetenskap en die kuns, in die onderwys en in ons hele kyk op sake te vermy.

Ook aan die Vaaldriehoekkampus, waar ons aan studente met verskillende kultuuragtergronde onderrig gee, is daar vir die vak Geskiedenis 'n belangrike taak. Daarom, geagte meneer die Rektor, is dit vir my 'n eer dat die Raad van die Universiteit my as professor in Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus benoem het en dit aan my toevertrou het om saam met my kollegas hierdie taak uit te voer. Ek hoop dat ek deur onderrig en navorsing daartoe sal kan bydra om die vorming van 'n eenheidsbeeld van die geskiedenis en daarmee 'n historiese begrip by ons land se inwoners te bevorder. Ek meen dat die Departement Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus op verskillende wyses kan en moet bydra tot die verdere ontwikkeling van die geskiedeniswetenskap in Suid-Afrika. 'n Belangrike navorsingsterrein vir die departement is die geskiedenis van die Vaaldriehoek waaroor heelwat werk reeds onder

leiding van my kollega, dr. P.J.J. Prinsloo, verrig is.

Die geskiedeniswetenskap is onlosmaaklik met ander wetenskappe verbind. Daarom is kontak met akademici van ander vakrigtings van die grootste belang, en kan die historikus sy werk net goed verrig as deel van 'n akademiese gemeenskap. Ek dink dat die personeellede aan hierdie kampus in 'n groter mate 'n akademiese gemeenskap vorm as dié aan die meeste ander universiteite in Suid-Afrika, omdat die akademiese personeel hier 'n klein groep is en noue kontak met mekaar het. Ek beskou dit daarom, geagte kollegas, as 'n voorreg om saam met u hier te kan werk. Ons beleef tans 'n moeilike tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika en ook in die geskiedenis van die Vaaldriehoek, maar daarom, des te meer, het ons aan hierdie universiteitskampus 'n belangrike taak, en kan ons, te midde van al die ander universiteite in die land, 'n eie besondere bydrae lewer.

## AANTEKENINGE

[1] Dit blyk uit die matriekuitslae, soos gepubliseer in Beeld, 21–12–91.

[2]. Vergelyk ook resente artikels in die tydskrif *Woord en Daad:* Anger, 1991; Geertsema, 1991; en Pouris, 1991.

[3] Oor die vraagstuk van die verhouding tussen politieke, ekonomiese, sosiale en kultuurgeskiedenis in 'n geheelbeeld van die geskiedenis van 'n streek of land of van die hele wêreldgeskiedenis, kom daar reeds vanaf die negentiende eeu verskillende standpunte onder historici voor. Die meeste groot negentiende-eeuse historici het hoofsaaklik oor die politieke geskiedenis geskryf, hoewel daar ook toe reeds historici was wat aandag aan sosiale, kultuur- en geestesgeskiedenis gegee het. In die twintigste eeu het die klem al meer na sosiale en ekonomiese geskiedenis verskuif. F.A. van Jaarsveld meen dat veral in die sestigerjare daar in Europa 'n sterk swaai was na sosiale en ekonomiese geskiedenis. "Die soort temas wat die mens tans aantrek, naamlik die materiële kultuur, die ekonomie, sosiale verhoudinge en die lewe van die groot massa van die bevolking, is vreemd aan die ou tipe verhalende geskiedenis wat die staat, politiek en persoonlikhede as middelpunt gehad het." (Van Jaarsveld, 1982, 113) Tans is daar in Europa 'n nuwe oplewing in die skryf van politieke geskiedenis (Van Jaarsveld, 1991, 2), en daar is vandag ook Suid-Afrikaanse historici, soos B.J. Liebenberg (1992), wat meen dat politieke geskiedenis die kern van 'n werk

wat ’n integrale geskiedenis wil bied, behoort uit te maak.

[4] Ook vandag nog is daar skrywers wat probeer aantoon dat die geskiedenis ’n wetmatige verloop van steeds verdere vooruitgang toon. ’n Resente voorbeeld is die werk van die Amerikaner Francis Fukuyama, *The end of history and the last man* (1992), waarin beweer word dat met die ineenstorting van die Sowjet-Unie en die kommunisme, die liberale demokrasie nou wêreldwyd inslag gevind het, en dat die menslike samelewing daarmee sy hoogste stadium en eindpunt van ontwikkeling bereik het. (Vgl. ook Von der Dunk, 1992.)

[5] Wilhelm Dilthey (1833–1911), ’n denker wat groot invloed op die geskiedwetenskap uitgeoefen het, staan naby aan Spengler in sy beklemtoning van die besondere karakter en betekenis van elke historiese periode. Hy meen egter tog dat die periodes uiteindelik almal deel vorm van die wêreldgeskiedenis as totaalsamehang (vgl. Brüning, 1961:86).

[6] Vergelyk bv. Curtin, 1984, oor vroeë handelsroetes tussen beskawings en volke, wat soms oor baie lang afstande gestrek het.

[7] In aansluiting by nuwere strominge in die taal- en letterkunde meen Hayden White (1973) dat die verlede slegs bestaan as ’n teks wat deur die historikus geïnterpreteer moet word. Die historikus moet die teks van die verlede in ’n ander teks, dié van die geskiedskrywing, vertaal (vgl. Ankersmit, 1984: 153). Vergelyk hiermee ook die bekende uitspraak van J. Derrida, taalfilosoof en belangrike figuur van die sogenaamde postmodernistiese denke, dat daar niks buite die teks bestaan nie (vgl. Olivier, 1992: 174–175). Hutcheon (1989: 81) meen egter dat die postmodernisme nie inhou dat die verlede slegs as teks bestaan nie: “past events existed empirically, but in epistemological terms we can only know them today through texts.”

[8] ’n Interessante beskouing oor die eenheid van die geskiedenis is dié van Karl Jaspers (1883–1969), een van die leidende figure in die filosofiese stroming van die eksistensialisme, wat meen dat die eenheid van die geskiedenis nie wetenskaplik kenbaar is nie. Die eenheid van die geskiedenis is nie daarin geleë dat die mensheid saam deur ruimte en tyd ingesluit word nie, maar kom voort uit die sin van die rigting waarin die geskiedenis beweeg. Die eenheid moet in die geskiedenis self gerealiseer word, maar hy glo dat dit nooit ten volle sal kan geskied nie. (Jaspers, 1953: 247–267; vgl. Bellon, 1953: 227–232; Smit,

1987: 271)

[9] Die term *strukturalisme* kan in verskillende betekenisse gebruik word. Daar bestaan groot verskille tussen die strukturalisme van C. Lévi-Strauss, F. de Saussure, R. Barthes, en andere, wat strukture sien as algemene abstrakte beginsels wat implisiet in tale, kulture en sosiale stelsels voorkom, en die beskouing van die Annalesskool, wat onder strukture tyd- en plekgebonde geografiese, ekonomiese en samelewingspatrone wat vir 'n lang tyd voortbestaan, verstaan. (Vgl. Lloyd, 1991.)

[10] Vergelyk die opmerkings van Stearns (1989) oor die onderrig van die geskiedenis van die VSA in die konteks van die wêreldgeskiedenis.

## BIBLIOGRAFIE

ALLARDYCE, G. 1990. Toward world history: American historians and the coming of the world history course. *Journal of World History 1(1): 23–76.*

ANDREW, A.M. 1990. Restoring women to history (resensie). *World History Bulletin,* 7(2): 16.

ANGER, C. 1991. Modern technology and the death of a culture. *Woord en Daad* 31 (335): 16–18.

ANKERSMIT, F.R. 1984. Denken over geschiedenis. Groningen, Wolters-Noordhoff.

ANON. 1992. Humanities: an essential ingredient. *Bulletin; Nuus vir die Geesteswetenskappe* 4 (2): 4–5.

ATKINSON, R.F. 1978. Knowledge and explanation in history. Londen, Macmillan.

BARNES, H.E. 1962. A history of historical writing. New York, Dover.

BEBBINGTON, D. 1979. Patterns in history. Leicester, Intervarsity.

BELLON, K.L. 1953. Wijsbegeerte der geschiedenis. Antwerpen, Standaard.

BREISACH, E. 1983. Historiography; ancient, medieval and modern. Chicago, University of Chicago Press.

BROOKS, G.E. 1991. An undergraduate world history curriculum for the twenty-first century. *Journal of World History* 2(1): 65–80.

BRÜNING, W. 1961. Geschichtsphilosophie der Gegenwart. Stuttgart, Klett.

CAIRNS, G. 1963. Philosophies of history. Londen, Owen.

CHASE-DUNN, C. EN HALL, T.D. 1991. Core-periphery relations in precapitalist worlds. Boulder, Westview.
CHRISTIE, M. 1991. Rooi ligte flikker met dié Amerikaanse debat. *Rapport,* 10–3–1991.
COLLINGWOOD, R.G. 1946. The idea of history. Oxford, University Press.
CURTIN, P.D. 1984. Cross-cultural trade in world history. Cambridge, University Press.
DE KLERK, P. 1987. Geskiedenis, *in* Departement Wetenskapsleer, PU vir CHO, Paradigmas in die wetenskappe; 'n Christelike perspektief. Potchefstroom, PU vir CHO: 45–50.
DE KLERK, P. 1988. Geskiedenis as kultuurontwikkeling. Pretoria, Serva.
DE KLERK, P. 1989. Die rol van kolonialisme in historiese ontwikkeling. *Koers* 54(3): 249–271.
DEN BOER, W., HUGENHOLTZ, F.W.N. EN LOCHER, T.J.G. 1960. Gestalten der geschiedenis in de Oudheid, de Middeleeuwen en de Nieuwe Tijd. Haarlem, Fibula-Van Dishoeck.
DOOYEWEERD, H. 1955. A new critique of theoretical thought, vol. 2. Amsterdam, Paris.
DREYER, P.S. 1974. Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis. Kaapstad, HAUM.
DU PLESSIS, J.S. 1964. Oor historiese waarheid. *Koers,* 31 (10): 543–580.
EAKLOR, V.L. 1991. Of politics and history: gay Americans in and out of textbooks. *Perspectives (American Historical Association Newsletter)* 29 (7): 1, 17–19.
ELOFF, C. 1991. 'History from below': 'n oorsig. *Suid-Arikaanse Historiese Joernaal* 25: 38–60.
FRANK, A.G. 1991. A plea for world system history. *Journal of World History* 2(1): 1–28.
FUETER, E. 1936. Geschichte der neueren Historiographie. München, Oldenbourg.
FUKUYAMA, F. 1992. The end of history and the last man. New York, Free Press.
GARDNER, J.B. 1991. Number of new Ph.D.s up in 1990, but growth appears stalled. *Perspectives* 29(9): 10–11.
GEERTSEMA, J.C. 1991. Beveg armoede en skep welvaart. *Woord en Daad* 31 (336): 12–13.
GHOSH, A.K. 1964–1965. Some theories of universal history. *Comparative Studies in Society and History* 7: 1–20.

GREEN, W.A. 1992. Periodization in European and world history. *Journal of World History* 3(1): 13–54.
HARMSEN, G. 1968. Inleiding tot de geschiedenis. Baarn, Ambo.
HAY, D. 1977. Annalists and historians. Londen, Methuen.
HITCHENS, M.J. 1990. World history textbooks for high schools: a review. *World History Bulletin* 7 (2): 8–15.
HITTI, P.K. 1970. History of the Arabs. Londen, Macmillan.
HUTCHEON, L. 1989. The politics of postmodernism. Londen: Routledge.
IGGERS, G.G. 1975. New directions in European historiography. Londen, Methuen.
JASPERS, K. 1953. The origin and goal of history. New Haven, Yale (vert. uit Duits).
KOSELLECK, R., MOMMSEN, W.J. EN RÜSEN, J. (reds.) 1977. Objektivität und Parteilichkeit in der Geschichtswissenschaft. München, Deutscher Taschenbuch Verlag.
KRÜGER, D.W. 1946. Die relatiwiteit van die geskiedbeskouing. *Koers* 13(5): 159–170.
LEVINE, M.M. 1992. The use and abuse of *Black Athena*. *The American Historical Review* 97(2): 440–460.
LIEBENBERG, B.J. 1992. Die terrein van geskiedenis. *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 26 (1): 62–73.
LLOYD, C. 1991. The methodologies of social history: a critical survey and defense of structurism. *History and Theory* 30 (2): 180–219.
MANNING, P. 1992. Methodology and world history in a Ph.D. program. *Perspectives* 30 (4): 22–27.
MARTEL, E. 1991–1992. Afrocentric historical claims: an examination of the Portland, Oregon, African-American baseline essays. *World History Bulletin* 8 (2): 13–16.
MCINTIRE, C.T. 1975. The ongoing task of Christian historiography *in* G. Marsden en F. Roberts (reds.), A Christian view of history? Grand Rapids, Eerdmans: 51–74.
MCINTIRE, C.T. 1984. Historical study and the historical dimension of our world, *in* C.T. McIntire en R.A. Wells (reds.), History and historical understanding. Grand Rapids, Eerdmans: 17–40.
MCNEILL, W.H. 1963. The rise of the West: a history of the human community. Chicago, University Press.
MCNEILL, W.H. 1990. *The rise of the West* after twenty-five years. *Journal of World History* 1(1): 1–21.
MEIER, C. 1978. Prozess und Ereignis in der griechischen Historiographie des 5. Jahrhunderts und vorher, *in* K.G. Faber en C. Meyer

(reds.) Historische Prozesse. München, Deutscher Taschenbuch Verlag.
MOHAN, R.P. 1970. Philosophy of history; an introduction. New York, Bruce.
NIPPERDEY, T. 1991. Einheit und Vielfalt in der neueren Geschichte. *Historische Zeitschrift* 253: 1–20.
NOWICK, P. 1988. That noble dream: the 'objectivity question' and the American historical profession. Cambridge, University Press.
OLIVIER, G. 1992. Is daar 'n storie in die historie? *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal,* 26: 172–181.
POPMA, K.J. 1945. Calvinistische geschiedenisbeschouwing. Franeker, Wever.
POPPER, K.R. 1962. The open society and its enemies, vol. 2. Londen, Routledge & Kegan Paul.
POURIS, A. 1991. Where are our universities going? *Woord en Daad* 31 (335): 14–15.
RAVITCH, D. 1991. History and the perils of pride. *Perspectives* 29 (3): 12–13.
SINGER, A. 1990. Multicultural education is good education — but it can't perform miracles. *Perspectives* 28(9): 14–16.
SMIT, M.C. 1950. De verhouding van Christendom en historie in de huidige Rooms-Katholieke geschiedbeschouwing. Kampen, Kok.
SMIT, M.C. 1987. De eerste en tweede geschiedenis. Amsterdam, Buijten & Schipperheijn.
SPENGLER, O. 1921–1922. Untergang des Abendlandes; Umrisse einer Morphologie der Weltgeschichte. 2 vols. München, Becksche.
STAVRIANOS, L.S. 1971. Man's past and present; a global history. Englewood Cliffs (N.J.), Prentice-Hall.
STEARNS, P.N. 1989. Teaching the United States in world history. *Perspectives 27* (4): 12–16.
STOIANOVICH, T. 1976. French historical method; the Annales paradigm. Ithaca, Cornell.
STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom; Pro Rege.
THOMPSON, L.M. 1990. A history of South Africa. New Haven, Yale.
TILLY, C. 1984. Big structures, large processes, huge comparisons. New York, Russell Sage Foundation.
TOYNBEE, A.J. 1935–1961. A study of history. Oxford, University Press.
UNESCO (uitg.), 1963–1966. History of mankind; cultural and scientific development. Londen, Allen & Unwin.
VADNEY, T.E. 1990. World history as an advanced academic field. *Journal of World History* 1(2): 209–223.

VAN DEN BERGH, G.N. 1977. Die historikus as skepper van die geskiedenis. Potchefstroom, PU vir CHO.
VAN DEN BRAEMBUSSCHE, A.A. 1985. Theorie van de maatschappijgeschiedenis. Baarn, Ambo.
VAN DER DUSSEN, W.J. 1986. Filosofie van de geschiedenis; een inleiding. Muiderberg (Ned.), Coutinho.
VAN DER MERWE, N.T. 1971. Objektiwiteit, sekularisasie en geskiedenis, *in* De Jong (uitg.) Waarheid en werklikheid; wysgerige perspektiewe op die werklikheid opgedra aan prof. dr. H.G. Stoker, Braamfontein (Transvaal): 200–221.
VAN DER WALT, A.J.H. 1956. Geskiedbeskouing en geskiedvorsing. *Koers* 23 (4): 212–225.
VAN DER WALT, B.J. 1978. Horizon; surveying a route for contemporary Christian thought. Potchefstroom, PU vir CHO.
VAN JAARSVELD, F.A. 1980. Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie. Pretoria, HAUM.
VAN JAARSVELD, F.A. 1982. Moderne geskiedskrywing. Durban, Butterworths.
VAN JAARSVELD, F.A. 1984. Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Johannesburg, Lex Patria.
VAN JAARSVELD, F.A. 1989. Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis. *Historia* 34 (2): 1–21.
VAN JAARSVELD, F.A. 1991. 'n Terugkeer na die verhalende geskiedskrywing. *Historia* 36 (1): 2–6.
VOGT, J. 1961. Wege zum historischen Universum. Stuttgart, Kohlhammer.
VON DER DUNK, H.W. 1982. De organisatie van het verleden. Bussum (Ned.), Van Holkema & Warendorf.
VON DER DUNK, H.W. 1992. Breekt het posthistorische tijdperk aan? *Spiegel Historiael 27* (1): 2–8.
WALLERSTEIN, I. 1974–1988. The modern world-system. 3 vols. New York, Academic Books.
WELLS, H.G. 1931. The outline of history. Garden City (N.Y.), Garden City Publishing.
WHITE, H. 1973. Metahistory; the historical imagination in nineteenth-century Europe. Baltimore, John Hopkins University Press.
WILKINS, B.T. 1978. Has history any meaning?; a critique of Popper's philosophy of history. Hassocks (Sussex), Harvester.
WITTRAM, R. 1958. Das Interesse an der Geschichte. Göttingen, Vandenhoeck & Ruprecht.